basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

**VRAAG 1: WAT WAS DIE VERSKILLENDE REAKSIES OP DIE POGINGS VAN DIE CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS (COSATU) OM IN DIE 1980's SUID-AFRIKAANSE WERKERS TE MOBILISEER?**

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat COSATU in November 1985 die grootste federasie van swart werkersunies in Suid-Afrika was. (1 x 2) (2)

1.1.2 Definieer die term *nie-parlementêre opposisiegroep* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik wat met die stelling, 'COSATU … het hulleself verbind aan die doelstellings, maar nie formeel aan die strukture nie, van die verbanne en uitgeweke African National Congress …', geïmpliseer kan word. (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en noem waarom jy dink industriële vakunies in die 1980's sterker geword het. (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Lewer kommentaar op die betekenisvolheid daarvan dat hierdie COSATU-byeenkoms op 1 Mei 1986 gehou is. (1 x 2) (2)

1.2.2 Wat word geïmpliseer met die woorde, VOORWAARTS MET DIE WERKERS SE STRYD', in die konteks van die protesaksie teen die apartheidsregering in die 1980's? (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik die simboliek van die 'gebalde vuiste' in die banier en van sommige van die werkers in die foto. (1 x 2) (2)

1.3 Verwys na Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die visuele bewyse in Bron 1B ondersteun met betrekking tot COSATU se massamobilisasie teen die apartheidsregering in die 1980's. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1C.

1.4.1 Identifiseer 'n veldtog in die bron wat COSATU-lede deur 'n staking gehou het wat in Maart 1987 verskeie weke geduur het. (1 x 1) (1)

1.4.2 Verduidelik die term *griewe* in die konteks van COSATU se aktiwiteite teen die apartheidsregering. (1 x 2) (2)

1.4.3 Haal DRIE bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die 'jong rekrute' vreesbevange was. (3 x 1) (3)

1.4.4 Lewer kommentaar op die beperkinge van hierdie bron vir 'n historikus wat die skermutseling (botsing) tussen COSATU en die Oosrandse Onluste-afdeling in Maart 1987 navors. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Volgens die bron, waarom het polisiemanne op 23 April 1987 'n klopjag op COSATU House uitgevoer? (1 x 2) (2)

1.5.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die vernietiging van COSATU House deur die Veiligheidstak as 'ongehoord en ongeëwenaar' beskryf is. (2 x 2) (4)

1.5.3 Maak 'n lys van VIER maniere in die bron waarop die polisie tydens die COSATU House-klopjag die gebou en die inhoud vernietig het. (4 x 1) (4)

1.5.4 Waarom, dink jy, het die Veiligheidstaklede die brandweermanne mislei oor waar die brand werklik begin het? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik wat die verskillende reaksies was op die pogings van die Congress of South African Trade Unions (COSATU) om in die 1980's Suid-Afrikaanse werkers te mobiliseer. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE AMNESTIE-AANSOEKE VAN DIE BETROKKENES BY DIE MARTELING VAN EERWAARDE TSHENUWANI FARISANI VERWERP?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Noem TWEE organisasies in die Swartbewussynsbeweging in die bron, waarin Farisani as 'n stigterslid gedien het. (2 x 1) (2)

2.1.2 Volgens die bron, noem enige DRIE tipes mishandeling waaraan Farisani tussen 1977 en 1987 tydens sy gevangenskap onderwerp is. (3 x 1) (3)

2.1.3 Verduidelik waarom Amnestie Internasionaal Farisani as 'n 'gewetensgevangene' verklaar het. (1 x 2) (2)

2.1.4 Definieer die term *vervolging* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Gee die name van enige TWEE Venda Veiligheidstakpolisiemanne in die bron wat deur Farisani tydens sy ondervraging geïmpliseer is. (2 x 1) (2)

2.2.2 Wat stel die stelling, 'Ek haat hulle nie, hulle moet die waarheid praat', oor Farisani se getuienis voor? (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik wat die frase, 'Roep jou God. Hy sal jou kom help', voorstel oor die taktieke wat gedurende die ondervraging deur die Veiligheidstakpolisiemanne gebruik is. (1 x 2) (2)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik tot watter gevolgtrekking jy kan kom oor die woorde, '… as hulle nie na vore kom en bely nie, hulle een of ander tyd sal terugkom ...', met verwysing na die betrokkenes by die misdaad? (1 x 2) (2)

2.2.5 Waarom sou 'n historikus die bron nuttig vind wanneer navorsing gedoen word oor hoe die WVK se Menseregteskendingskomitee die oortredings teen Eerwaarde Farisani hanteer het? (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Haal EEN bewys uit die bron aan wat daarop dui dat die WVK se Amnestiekomitee tevrede was dat die amnestie-aansoeke deur die drie polisiemanne aan die vereistes van die WVK Wet voldoen het. (1 x 2) (2)

2.3.2 Noem DRIE aansoekers, volgens die bron, wat om amnestie aansoek gedoen het vir die aanranding en marteling van Eerwaarde Farisani. (3 x 1) (3)

2.3.3 Verduidelik die term *mondelinge getuienis* in die konteks van die WVK se verhore deur die Amnestiekomitee. (1 x 2) (2)

2.3.4 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit die stelling: 'Die (WVK se Amnestie-) Komitee is nie tevrede dat die bogenoemde drie aansoekers al die relevante feite, …, volledig geopenbaar het nie', soos vereis deur die Wet? (1 x 2) (2)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2B die inligting in Bron 2C ondersteun met betrekking tot die mensregteskendings wat deur die apartheidveiligheidspolisiemanne teen Eerwaarde Farisani gepleeg is. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Verduidelik die simboliese verteenwoordiging van die volgende:

(a) Dullah Omar (1 x 2) (2)

(b) Die veiligheidspolisiemanne (1 x 2) (2)

2.5.2 Lewer kommentaar oor waarom die inligting in RAAM A van RAAM B verskil rakende bewyse wat by die WVK-verhore aangebied is. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die amnestie-aansoeke van die betrokkenes by die marteling van Eerwaarde Tshenuwani Farisani verwerp het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE KAN DIE UITBREIDING VAN BRICS-LANDE AS 'N BEDREIGING VIR DIE MAGSBALANS TUSSEN DIE GLOBALE NOORDE (WESTERSE LANDE) EN DIE GLOBALE SUIDE (BRICS-LANDE) BESKOU WORD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Wanneer, volgens die bron, het die eerste vergadering in die BRIC-formaat plaasgevind? (1 x 1) (1)

3.1.2 Noem die VIER lande in die bron wat ooreengekom het om veelvlakkige samewerking met mekaar in die vorming van BRIC te ontwikkel. (4 x 1) (4)

3.1.3 Definieer die term *spitsberaad* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die belangrikheid van ses nuwe lande wat op 1 Januarie 2024 by BRICS aangesluit het. (2 x 2) (4)

3.2 Lees Bron 3B.

3.2.1 Noem enige TWEE strategiese inisiatiewe in die bron wat deur BRICS bekend gestel is wat daarop gemik was om die gevestigde internasionale orde uit te daag. (2 x 1) (2)

3.2.2 Verduidelik die konsep *de-dollarisasie* in die konteks van die BRICS-uitdaging aan Westerse lande. (1 x 2) (2)

3.2.3 Identifiseer EEN rede in die bron waarom BRICS-lande gepoog het om die landbousektor te beïnvloed. (1 x 2) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar op hoe die 'afnemende Amerikaanse invloed' die bestaande internasionale orde sal verander. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Watter boodskap word deur die grafiek oorgedra met betrekking tot die verandering in:

(a) Die G7 se deel van bruto binnelandse produk (BBP) tussen 1995 en 2023 (1 x 2) (2)

(b) BRICS se deel van globale BBP tussen 1995 tot 2023 (1 x 2) (2)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die implikasie van die groei in China se BBP van 1995 tot 2023. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 Volgens die bron, na wie het Trump verwys toe hy gesê het: '… as jy die dollar verlaat, doen jy nie besigheid met Amerika nie, want ons gaan 'n 100%-tarief (belasting) op jou groei hef'? (1 x 1) (1)

3.4.2 Gee 'n rede in die bron waarom BRICS+-lande oor die Bretton Wood-era krities is. (1 x 2) (2)

3.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom '… die feit dat die BRICS+-lande, wat 35% van die wêreld se BBP en 45% van die wêreldbevolking vorm …' 'n bekommernis vir die VSA (Trump) as die leier van die Globale Noorde is. (1 x 2) (2)

3.4.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n navorser wat bestudeer hoe Trump deur die uitbreiding van BRICS+-lande bedreig gevoel het. (2 x 2) (4)

3.5 Verwys na Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3D ondersteun met betrekking tot hoe BRICS besig is om die magsbalans tussen die Globale Noorde en die Globale Suide te ontwrig. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die uitbreiding van BRICS-lande as 'n bedreiging vir die magsbalans tussen die Globale Noorde (Westerse lande) en die Globale Suide (BRICS-lande) beskou kan word. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Die filosofie van Biko en die Swartbewussynbeweging het van die 1960's tot die 1970's teenstand teen apartheid in Suid-Afrika laat herleef.

Stem jy met hierdie stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Die weg na demokrasie is deur 'n nie-gewelddadige proses van onderhandelinge gekenmerk.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die tydperk tussen 1990 en 1994. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate Gorbachev se beleide van Glasnost en Perestroika in die 1980's uiteindelik tot die val van die Sowjetunie gelei het.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V2**

**NOVEMBER 2025**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: WAT WAS DIE VERSKILLENDE REAKSIES OP DIE POGINGS VAN DIE CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS (COSATU) OM IN DIE 1980's SUID-AFRIKAANSE WERKERS TE MOBILISEER?

### BRON 1A

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n artikel met die titel, 'The Struggle: Power and Politics in South Africa's Black Trade Unions', geskryf deur A Cowell, 'n joernalis, en dit het op 15 Junie 1986 in *The New York Times*-tydskrif verskyn. Dit werp lig op die vorming van COSATU in 1985.

Meer as 33 unies het in November 1985 verenig om die Congress of South African Trade Unions (COSATU), die grootste federasie (groepering) van swart werkers in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, met 'n totale ledetal van 500 000 werkers, te vorm.


In plaas daarvan om mak (gehoorsaam) te wees, het COSATU en ander swart arbeidsgroepe die politieke hoë grond gesoek wat vakunielede 'die stryd' teen wit regering genoem het en wou desperaat opvang met die protesaksies van die jeugdige en gewelddadige swart radikales van die townships. COSATU het belangrike bande met die United Democratic Front gesmee, die grootste nie-parlementêre opposisiegroep in die land, en het hulleself verbind aan die doelstellings, maar nie formeel aan die strukture nie, van die verbanne en uitgeweke African National Congress wat daaraan toegewy is om die wit regering met geweld tot 'n val te bring.

In 'n land wat Afrika se mees geïndustrialiseerde nasie is, is die uitdaging wat nou deur die swart vakbonde gestel word betekenisvol (oorweldigend); dit hou die moontlikheid in van 'n grootskaalse onttrekking van arbeid uit 'n moderne ekonomie wat al hoe meer van swart vaardighede afhanklik is. Plaas- en huishoudelike werkers word nie deur Suid-Afrika se nuwe arbeidswette beskerm nie. Op ander gebiede, van die land se tekstielfabrieke tot by sy staalwerke, is die vakunies sterk en groei steeds. En, in die kritieke mynbounywerhede, maak arbeidsleiers staat op die steun van amper die helfte van die 600 000-man swart arbeidsmag.

[Uit *The New York Times*-tydskrif, 15 Junie 1986]

**BRON 1B**

Die foto hieronder is geneem gedurende 'n byeenkoms wat op 1 Mei 1986 in die Wes-Kaap deur die Congress of South African Trade Unions (COSATU) gehou is. Dit toon werkers wat deelneem aan 'n protesaksie onder die banier van die Commercial, Catering and Allied Workers Union of South Africa (CCAWUSA), wat 'n geaffilieerde van COSATU was.




[Uit *History of Trade Unionism in South Africa* deur L Gentle, et al.]

**BRON 1C**

Die uittreksel hieronder is uit 'n *memoir, *War in Peace*: *The Truth about the South African Police's East Rand Riot Unit 1986–1994*, geskryf deur N Howarth, 'n voormalige lid van die Oosrandse Onluste-afdeling. Dit verduidelik hoe die skarebeheer-onluste-afdeling met lede van COSATU gebots het wat in Maart 1987 'n veldtog vir 'n bestaansloon by die Germiston-spoorwegstasie gehou het.

COSATU-lede was in Maart 1987 al vir verskeie weke besig om te betoog oor griewe wat nie een van ons verstaan het of oor bekommerd was nie. Dit het geblyk dat hulle besig was om 'n veldtog vir 'n 'bestaansloon' te hou wat sterk deur die African National Congress (ANC) ondersteun is. Daar was 'n sekuriteitsbeperking op al sulke aktiwiteite, maar dit het COSATU, wat besig was om vakunielede te organiseer en te mobiliseer om aan die veldtog deel te neem, nie gepla nie. Dit het bygedra tot die aantal stakings en onderbrekings oor die land heen, wat alreeds besig was om die Suid-Afrikaanse ekonomie te verlam (verswak). 'n Groot persentasie stakers, ongeveer 18 000, het aan Suid-Afrikaanse Vervoer ('SAT') behoort.

Ek was deel van 14 jong rekrute, nie een ouer as ekself nie, wat 'n ry boaan die trappe gevorm het wat vanaf 'n ondergrondse tonnel na die stasieplatform gelei het. Die gedreun van politieke rympies (vryheidstrydliedjies) wat in die diep kwaai stemme van 300 betogers gesing is, het in die tonnel af en op met die trappe na ons toe geresoneer (ge-eggo). Aan die begin kon ons hulle nie sien nie, maar die klank het my amper die doodskrik op die lyf gejaag. Toe het hulle aan die onderkant van die trappe verskyn en in ons rigting geswaai. Dit was 'n vreesaanjaende gesig. Hulle was gewapen met knopkieries, swepe, messe en 'n hele verskeidenheid wrede (gevaarlike) wapens.

Ons het handgemeen met die skare geveg. Ek is in die arm raakgesteek sonder om dit te weet en daar was bloed oral op my. Ten spyte daarvan was die fisiese skade min. Ek het geslaan, geskop en baklei met alles wat ek het. Gelukkig het die skare begin om uitmekaar te gaan soos wat ons die oorhand gekry het. Die volgende dag het COSATU 'n vergadering by die Wêreldhandelsentrum in Germiston gehou, wat ongeveer 500 meter in die pad af van die spoorwegstasie is.

[Uit *War in Peace: The Truth about the South African Police's East Rand Riot Unit 1986–1994* deur N Howarth]

***memoir:** 'n boek wat 'n persoon oor hulle herinneringe skryf

**BRON 1D**

Die bron hieronder is geneem uit 'n boek met die titel *Confessions of a *STRATCOM Hitman,* deur P Erasmus, voormalige Veiligheidstak-polisieman. Dit verduidelik hoe die Veiligheidstak-offisiere in 1987 'n klopjag op COSATU House uitgevoer en dit verwoes het.

Op 23 April 1987, ná 'n skietvoorval waarby lede van die Onluste-eenheid betrokke was, is daar 'n klopjag op COSATU HOUSE deur 'n menigte (skare) polisiemanne uitgevoer wat, nadat die gebou beveilig is, dit aan die Veiligheidstak oorhandig het. Wat gevolg het, was die slopingswerk (vernietiging); dit was ongehoord (buitengewoon) en ongeëwenaar (onoortreflik). Dit was asof die opgehoopte (opgegaarde) woede en frustrasie van die polisie, wat soos gewoonlik in die middel van die voortslepende politieke konflik vasgevang is, op die gebou en die inhoud uitgehaal (uitgedruk) is.

Deure is onmiddellik toegemaak en toe het liasseerkabinette, gevul met dokumente en rekords, soos confetti (klein stukkies papier) vanaf die balkonne van die tienverdiepinggebou neergereën (neergeval), kantoortoerusting is stukkend gebreek, persoonlike rekenaars is by die vensters en oor die balkonne in die binnehof uitgegooi, videomonitors en 'n duur sekuriteitstelsel is vernietig, en dít wat nie vernietig is nie, is gebreek of gesteel. ... Ek het COSATU se drukker in die kelder gevind en die plate en beheerpaneel stukkend geslaan.

'n Paar uur later het ek na die kelder teruggekeer en gevind dat die drukker heeltemal vernietig is en motors in die kelder op dieselfde manier ernstig beskadig is. Veiligheidstaklede het op die agste vloer 'n brand gestig en toe die Johannesburgse Brandweer opdaag, het brandweermanne van vloer tot vloer gehardloop, want hulle is meegedeel [deur Veiligheidstaklede] dat die brand met die trappe op was, toe met die trappe af, dan buite en so aan.

[Uit *Confessions of a STRATCOM Hitman* deur P Erasmus]

***STRATCOM (STRATEGIC COMMUNICATION):** 'n geheime eenheid in die apartheid-era wat aan propaganda, misleidende inligting en geweld teen anti-apartheidsaktiviste en -organisasies meegedoen het

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE AMNESTIE-AANSOEKE VAN DIE BETROKKENES BY DIE MARTELING VAN EERWAARDE TSHENUWANI FARISANI VERWERP?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder is uit die begrafnisprogram van Eerwaarde Tshenuwani Farisani geneem. Die begrafnis het op 7 Junie 2025 plaasgevind. Dit fokus op Farisani se politieke aktivisme teen die apartheidsregering wat tot sy opsluiting in die 1980's gelei het.

Farisani was 'n stigterslid van die Swartmense se Konvensie (Black People's Convention/'BPC') en het vanaf 1973 tot 1975 as die president gedien. Hy het nou saamgewerk met Stephen Bantu Biko en ander leiers van die Swartbewussynsbeweging (SBB). Hy was 'n medestigter van die Black Evangelical Youth Organisation (BEYO) in die 1970's saam met die huidige Suid-Afrikaanse President, Matamela Cyril Ramaphosa, Tshifhiwa Muofhe en Lawrence Khorombi. Hierdie inisiatief het in die Bold Evangelical Christian Organisation (BECO) en later die Evangelical Christian Outreach (ECHO) ontwikkel.

Farisani is tussen 1977 en 1987 op vier afsonderlike geleenthede sonder verhoor aangehou as gevolg van sy uitgesproke teenstand teen apartheid. Gedurende hierdie opsluitings (gevangenskap) is hy aan wreedaardige marteling onderwerp, onder meer aanranding, elektriese skokke en langdurige isolasie. Sy 1982-aanhouding, een van die mees gedokumenteerde gevalle van politieke mishandeling onder apartheid, het internasionale veroordeling (kritiek) gelok. Amnestie Internasionaal*, wat hom as 'n gewetensgevangene verklaar het, het aan die spits gestaan van 'n wêreldwye veldtog om sy vrylating te eis, wat uiteindelik geslaag het.

Sy lyding het emblematies (simbolies) van die regime se wreedheid geword en het gehelp om die mate van staatsondersteunde geweld bloot te lê. Farisani het in 1986 voor Amerikaanse kongreskomitees getuig waar hy sy ervarings in kil besonderhede oorvertel het; 'n getuienis wat tot formele resolusies in beide die Senaat en Raad van Verteenwoordigers gelei het wat by die Suid-Afrikaanse regering aangedring het om hulle vervolging van hom en ander aktiviste te staak.

[Bron: Begrafnisprogram van Eerwaarde Tshenuwani Farisani, 7 Junie 2025]

***Amnestie Internasionaal:** 'n wêreldwye menseregte-organisasie wat werk om menseregte oral in die wêreld te beskerm en te bevorder

**BRON 2B**

Die bron hieronder is deel van 'n getuienis wat op 4 Oktober 1996 deur Farisani gelewer is by die Waarheids-en-Versoeningskommissie se Menseregteskendingskomitee-verhoor wat in Venda gehou is. Dit is 'n terugblik op Farisani se ervarings gedurende sy tydperk van aanhouding onder die hande van die Venda Veiligheidstakpolisiemanne.

… Ek is elke dag ondervra. Daar waar ek gemartel is. Ek is ondervra omdat die eerste ding wat gesê is, die brief is wat deur mnr. JAM Silimela en mnr. Magwaba, Venda Veiligheidstak-polisiemanne, geskryf is. Ek haat hulle nie, hulle moet die waarheid praat.

Hulle het 'n sak oor my gesit, hulle het klewerige goed oor my uitgegooi; jy weet, dit was net taai. In my verbeelding, terwyl hulle geskok het, kon ek nie die elektrisiteit in die stof behoorlik voel nie. Hulle het daardie elektriese toestelle aan my ore gekoppel, en hulle het water op die vloer uitgegooi. My hele liggaam het net gepyn. Ek het in die water geval en ek het neergeval, opgestaan, die sak afgehaal en hulle het my baie vrae gevra. Die elektriese toestelle is van die kop na die tone en die dye en selfs my private dele gekoppel. My binnegoed het gespring. Soos wat dit gebeur het, het Ramaligela (lid van die Venda Veiligheidstakpolisie) 'n lied begin: 'Halleluja. Roep jou God. Hy sal jou kom help.' Ek jok nie oor Ramaligela nie. Waarom sou ek oor hom jok, hy weet baie goed dit is waar?

Ek is gedwing om opstote te doen, om op my kop te staan, hoe kan ek op my kop staan; jy weet, ek is baie swaarlywig (kort en swaar)? Hulle het my gevat en my gedwing om op my kop te staan en toe het hulle my geskop. Kan ek net een finale ding sê? Een rede waarom ek die familie hierheen bring, een rede wat ek wil steun, is dat baie van hierdie bose mense, en as 'n pastoor gebruik ek nie die woord 'boos' maklik nie, maar ons moet uitwei (praat) oor bose en wrede mans en vroue, omdat as hulle nie na vore kom en bely nie, hulle een of ander tyd sal terugkom ...

[Uit *WVK Finale Verslag*, Volume 5, Hoofstuk 2, 1998]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit die *Waarheids-en-Versoeningskommissie Spesiale Verslag van Saak Nr. AC/99/0238*, gedateer 5 Mei 1999. Dit werp lig op waarom die WVK se Amnestiekomitee die aansoek van drie Venda Veiligheidstakpolisiemanne, T Nesamari, P Managa en M Ramaligela, wat Eerwaarde Farisani en ander slagoffers aangeval en gemartel het, verwerp het.

… Die WVK Amnestiekomitee is tevrede dat die aansoeke voldoen aan die formele vereistes van die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995 (Wet 34 van 1995), hierna verwys as 'Die Wet', en bevind dat al die dade met betrekking waartoe amnestie deur die aansoekers versoek word, met 'n politieke doel gepleeg is, soos deur die Wet voorgeskryf.

Al drie die aansoekers (T Nesamari, P Managa en M Ramaligela) het by die verhoor getuig. In beide hulle geskrewe aansoeke en in hulle mondelinge getuienis het dit vir die WVK Amnestiekomitee duidelik geword dat hierdie drie aansoekers voortdurend hulle rol en betrokkenheid by die aanranding en marteling van die slagoffers wat afsonderlik gemartel is, onderspeel (as onbelangrik afmaak) het, maar uit wie se getuienis daar 'n prentjie van ooreenstemming duidelik geraak het oor die metodes wat gebruik is.

Die gebruik van 'n sak gevul met water oor hulle koppe, die toepassing van elektriese skokke aan hulle oorlelle en private dele, hare wat uit verskillende liggaamsdele getrek is, die bevele om veeleisende (maak moeg) oefeninge te doen en die wrede aanrandings deur die aansoekers met hulle kaal hande, het tydens die getuienis van die slagoffers so konsekwent na vore gekom dat die Komitee nie die waarheid van hulle getuienis kon aanvaar nie.


Die Komitee is nie tevrede dat die bogenoemde drie aansoekers al die relevante feite, soos vereis deur artikel 20(1) van die Wet, volledig geopenbaar het nie en gevolglik moet hulle aansoeke MISLUK.

[Uit *Die Waarheids-en-Versoeningskommissie Spesiale Verslag, Besluite*, 1998]

**BRON 2D**

Die spotprent hieronder is deur J Shapiro, geneem uit die boek *Truths Drawn in Jest: Commentary on the TRC Through Cartoons*, geredigeer deur W Verwoerd en M Mabizela. Dit beeld Dullah Omar uit, die voormalige Minister van Justisie, wat vir die WVK verantwoordelik was, wat die waarheid oor menseregteskendings van politieke aktiviste gedurende die apartheidsera onthul.

Die inligting in beide rame (RAAM A en RAAM B) is onder die spotprent oorgetik en vertaal vir duidelikheid.




[Uit *Truths Drawn in Jest: Commentary on the TRC Through Cartoons*, geredigeer deur W Verwoerd en M Mabizela]

**WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE**

**TOP DULLAH**

**RAAM A**

**ie gevangen**
**gly op di**
**seep, stamp sy**
**kop en sterf**
**later.**

**RAAM B**

**SLAAN HOM OP SY**
SIT **'N SAK OOR**
ON NIE **ASEMHAAL NIE**
HEG **DIE BATTERY**
TESTIKELS. **HY HET GESKREE**
ON **OPHOU RUK NIE.**
WOU STEEDS **NIE PRAAT NIE**
MET **'N YSTERSTAAF, MAAR**
VERWYDER **DIE SAK, EK**
BLOED LOOP
HY WAS DOOD.

**VRAAG 3: HOE KAN DIE UITBREIDING VAN BRICS-LANDE AS 'N BEDREIGING VIR DIE MAGSBALANS TUSSEN DIE GLOBALE NOORDE (WESTERSE LANDE) EN DIE GLOBALE SUIDE (BRICS-LANDE) BESKOU WORD?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder is 'n artikel met die titel 'BRICS Intergovernmental Organization', wat geneem is uit rekords van die BRICS-spitsberaad wat in Oktober 2024 in Kazan in Rusland gehou is. Dit fokus op die redes vir die vorming van BRICS en hulle geskiedenis sedert 2006.

Die eerste vergadering in die BRIC-formaat het op 20 September 2006 buite die 61ste sessie van die VN (Verenigde Nasies) se Algemene Vergadering in New York plaasgevind. Die vergadering is deur die ministers van buitelandse sake van Rusland, Brasilië en China en die minister van verdediging van Indië bygewoon, wat almal saamgestem het om veelsydige (veelkantige) samewerking tussen die vier lande te ontwikkel.

Die BRIC-spitsberaad het op 16 Junie 2009 in Yekaterinburg in Rusland plaasgevind. Die finale Gemeenskaplike Verklaring het die begeerte van BRIC-lande verklaar om ' 'n inkrementeel (toenemende), proaktiewe (aktiewe), pragmatiese (praktiese), oop en deursigtige dialoog en samewerking' te ontwikkel wat 'voordelig (gepas) is, nie net om algemene belange van opkomende mark-ekonomieë en ontwikkelende lande te dien nie, maar ook om 'n harmonieuse (vriendelike) wêreld van blywende vrede en gemeenskaplike voorspoed te bou'.

Met die toetrede (aansluiting) van die Republiek van Suid-Afrika (die eerste spitsberaad met Suid-Afrika het op 14 April 2011 in Sanya, China, plaasgevind), is die afkorting 'BRICS' as die naam van die assosiasie gevestig. Een van die prioriteite van BRICS-aktiwiteite is om die vorming van 'n multipolêre (met baie uitgangspunte) demokratiese wêreld te bevorder en om globale veiligheid en stabiliteit oor die wêreld heen te versterk. Die assosiasie bepleit (aanmoedig) voortdurend vir voldoening aan (saamstem met) die beginsels van internasionale reg met die VN in die sentrale rol, en die verwerping van eensydige dwangmaatreëls (gedwonge). Op 1 Januarie 2024 het Egipte, Iran, die Verenigde Arabiese Emirate, Saoedi-Arabië en Ethiopië by BRICS aangesluit.

[Uit 'BRICS Intergovernmental Organization', die Ministerie van Buitelandse Sake van die Russiese Federasie, 2024]

**GLOBALE NOORDE:** verwys breedweg na die ryker, meer ontwikkelde lande in Wes-Europa, Noord-Amerika, dele van Asië en Oseanië (Westerse lande)

**GLOBALE SUIDE:** sluit breedweg die res van die wêreld in, dikwels gekenmerk deur laer inkomste en ontwikkelende ekonomieë (sluit BRICS-lande in)

**BRON 3B**

Die bron hieronder is uit 'n artikel met die titel 'The BRICS Challenge to the G7 Established International Order' deur MG Mooradian, wat op 20 September 2024 deur die Foreign Policy Research Institute gepubliseer is. Dit benadruk die strategieë wat deur BRICS aangeneem is om die Globale Noorde uit te daag.

BRICS stel drie strategiese inisiatiewe bekend, wat ten doel het om die gevestigde internasionale orde uit te daag: 'n *kunsmatige intelligensie('AI')-regeringsraamwerk, 'n onafhanklike ekonomiese stelsel en streeks-sekuriteitkoalisies (alliansies). BRICS se huidige doel is om die internasionale orde te hervorm om nasies in staat te stel om onafhanklik op te tree, sonder betrokkenheid of dwang vanaf Westerse lande.

Een van BRICS se primêre doelstellings is om 'n onafhanklike betaalstelsel te vestig wat ledegeldeenhede gebruik om de-dollarisasie (vervang die Amerikaanse dollar in internasionale handel) te bevorder en daardeur die impak van Westerse sanksies te verminder (verklein). Die eerste stap van hierdie proses is die poging om spesifieke lewensbelangrike internasionale markte te beïnvloed om ekonomiese invloed (voordeel) te bekom. Een voorbeeld van hierdie nuwe strategie is BRICS se betrokkenheid by die energiemark, met die organisasie wat daarna mik om 'n energievennootskap tussen hulle lede te skep. Met die onlangse insluiting van energieryke nasies soos Saoedi-Arabië, Iran en die Verenigde Arabiese Emirate kan BRICS 'n invloedsvlak in die globale energiemark bereik wat aan dié van OPUL (Organisasie van Petroleumuitvoerlande) ('OPEC') gelykstaande is, wat potensieel die dinamiek verander deur 'n betekenisvolle gedeelte van die wêreld se olie- en gasvoorraad te beheer.

Nog 'n kritieke mark wat BRICS probeer beïnvloed, is die landbousektor, waarvan die eerste doelstelling is om 'n onafhanklike graanhandelstelsel te skep wat deur Rusland geïnisieer is. Hierdie inisiatief kan die organisasie se onderhandelingsmag ten opsigte van graanpryse verhoog en sanksies deur Amerika en sy **G7-vennote (ander ryk Westerse nasies) teenstaan. BRICS wil die bestaande wêreldmagstruktuur verander wat tot afnemende Amerikaanse invloed en die destabilisering van die internasionale orde kan lei.


[Uit 'The BRICS Challenge to the G7 Established International Order' deur MG Mooradian]

***Kunsmatige intelligensie('AI')-regeringsraamwerk:** 'n regeringsinligtingstelsel wat die gebruik van kunsmatige intelligensie ('AI') op 'n verantwoordelike manier te bestuur

****G7:** verwys na 'n tussenregerings- politieke en ekonomiese forum van sewe van die wêreld se magtigste ekonomieë. Die lede is Kanada, Frankryk, Duitsland, Italië, Japan, die Verenigde Koninkryk en Amerika.

**BRON 3C**

Die grafiek hieronder, met die titel 'Die Opkoms van die BRICS' ('The Rise of the BRICS'), geskep deur STATISTA, 'n aanlyn marknavorsingsmaatskappy wat data en verslae oor globale markte verskaf met betrekking tot wêreld ekonomiese vooruitsigtesyfers vanaf die Internasionale Monetêre Fonds (IMF). Dit toon 'n vergelykende analise van die groei van BBP (bruto binnelandse produk) tussen die G7- en BRICS-lande oor die periode 1995 tot 2023.




[Uit https://www.statista.com/chart/30638/brics-and-g7-share-of-global-gdp/. Toegang op 5 Maart 2025 verkry.]

**Bruto binnelandse produk ('GDP'):** totale waarde van alle goedere in 'n land

**'deel van globale BBP':** 'n vergelyking van 'n land se BBP met die totale BBP van die wêreld

**'koopkragpariteit':** 'n vergelyking van die koopkrag van geldeenhede tussen twee of meer lande

**G7- en BRICS-lande se deel van globale BBP teen koopkragpariteit**

**BRON 3D**

Die uittreksel hieronder is uit 'n artikel met die titel 'How Trump's Dump on De-dollarisation Affects BRICS', deur K Wadhwa en dit het op 28 November 2024 in die *Responsible Statecraft Weekly*-nuusbrief verskyn. Dit sluit 'n uittreksel uit 'n toespraak in, wat Trump, as aangewese president, in September 2024 tydens 'n veldtogbyeenkoms in Wisconsin gelewer het. Dit benadruk hoe BRICS 'n bedreiging vir die magsbalans tussen die Globale Noorde en die Globale Suide inhou.

'Baie lande verlaat die dollar. Met my gaan hulle nie die dollar verlaat nie. Ek sal sê, as jy die dollar verlaat, doen jy nie besigheid met Amerika nie, want ons gaan 'n 100%-tarief (belasting) op jou groei hef.' Hy was besig om na *BRICS+-lande te verwys. Heelparty van hulle is krities oor die 'reëlsgebaseerde' internasionale orde, wat in die Bretton Woods-era deur Amerika ingestel is, wat hulle as voordelig vir die Weste (veral Amerika) bo die opkomende Globale Suide beskou.

De-dollarisasie mag dalk nie binnekort gebeur nie, maar die feit dat die BRICS+-lande, wat 35% van die wêreld se BBP en 45% van die wêreldbevolking vorm, lyk asof hulle dit ernstig opneem, is 'n werklike bekommernis vir Amerikaanse leiers, Trump ingesluit.

Gedurende sy vorige termyn as president het Trump 'n handelsoorlog met China begin en boonop 'n nuwe vlaag sanksies teen Iran, Venezuela en Rusland ontketen. Indien hy (Trump) doodernstig is oor die gebruik van sanksies as 'n wapen, sal meer lande **op meer as een moontlikheid wil wed. Op stuk van sake kan hulle dalk ook eendag aan die ontvangkant van sanksies wees as hulle in onguns by Amerika verval. 'Dit sal meer konsolidasie (versterking) van China se leierskap van die BRICS+ beteken en meer innovering ten opsigte van finansiële infrastruktuur, samewerking en integrasie …'

Hy [Trump] het waargeneem dat selfs lande wat vriendelik teenoor die Weste is, soos Turkye, graag by die alliansie (BRICS+) wil aansluit.

[Uit *Responsible Statecraft Weekly*-nuusbrief, 28 November 2024]

***BRICS+:** Oorspronklike BRICS-nasies (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) plus die nuwe lede (Ethiopië, Egipte, Saoedi-Arabië, Iran en die Verenigde Arabiese Emirate) en enige ander land wat nog kan aansluit. Argentinië het reeds onttrek ná 'n regeringsverandering teen Desember 2023.

****op meer as een moontlikheid wil wed:** om te vermy om jouself te verbind wanneer jy voor 'n moeilike keuse te staan kom of om jouself te beskerm om nie die verkeerde keuse te maak nie

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

'BRICS Intergovernmental Organization', die Ministerie van Buitelandse Sake van die Russiese Federasie, Kazan-spitsberaad, Rusland, 2024

Begrafnisprogram van Eerwaarde Tshenuwani Farisani, 7 Junie 2025

*Die Waarheid-en-Versoeningskommissie Spesiale Verslag, Besluite, 1998*

Erasmus, P. 2021. *Confessions of a STRATCOM Hitman* (Jacana Media, Johannesburg)

Gentle, L; Callinicos, L; Jansen, M; Nieftegoedien, N en Jordie, R. 2018. *History of Trade Unionism in South Africa*, (Workers World Media Productions, Johannesburg)

Howarth, N. 2012. *War in Peace*: *The Truth about the South African Police's East Rand Riot Unit 1986–1994* (Galogo Books, Johannesburg)

https://www.statista.com/chart/30638/brics-and-g7-share-of-global-gdp/

Mooradian, MG. 2024. 'The BRICS Challenge to the G7 Established International Order' (Foreign Policy Research Institute)

*Responsible Statecraft Weekly*-nuusbrief, 2024

*The New York Times*-tydskrif, 15 Junie 1986

Verwoerd, W. en Mabizela, M. 2000. *Truths Drawn in Jest: Commentary on the TRC Through Cartoons*. (New Africa Books, Kaapstad)

*WVK Finale Verslag*, Volume 5, Hoofstuk 2, 1998

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne<br>• Verduidelik historiese konsepte in konteks | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . __________________________
_____________________________________________ . __________________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om 'n argument volte hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

**VRAAG 1: WAT WAS DIE VERSKILLENDE REAKSIES OP DIE POGINGS VAN DIE CONGRESS OF SOUTH AFRICAN TRADE UNIONS (COSATU) OM IN DIE 1980's SUID-AFRIKAANSE WERKERS TE MOBILISEER?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A - V1]*

- 'Meer as 33 unies het in November 1985 verenig …'
- '… met 'n totale ledetal van 500 000 werkers,...' (enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Definisie van 'n term in Bron 1A – V1]*

- Organisasies/ politieke partye wat nie lede van die parlement is nie
- Groepe wat teen apartheid veg/groepe wat toegewy is aan die omverwerping van die wit regering met geweld
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- COSATU het nie meer gefokus op slegs arbeidskwessies nie, maar ook op die vryheidstryd, net soos die ANC
- COSATU en die verbanne African National Congress het dieselfde politieke doelwit/mandaat om apartheid in Suid-Afrika te beëindig, gehad
- COSATU het in die doelwitte van die Vryheidsmanifes geglo
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*

- Daar was baie werkers in nywerhede, groot fabrieke en nywerheidsaanlegte
- Vakbonde is gewettig en kon vergaderings organiseer nadat politieke partye verban is
- Dit was maklik vir hulle om te mobiliseer en vergaderings te hou omdat die 1980s oor die algemeen ‘n tydperk van verhoogde politieke aktivisme /bewustheid/ groeiende werker strydlustigheid teen onderdrukking
- Hulle het unieverteenwoordigers gehad wat meer werkers gewerf het/ mondstuk van die werkers
- Werkers was uitgebuit en het by Vakbonde aangesluit
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*

- Werkers in Suid-Afrika het by werkers wêreldwyd aangesluit in die viering/herdenking van Internasionale Werkersdag
- Dit het werkers oor die wêreld heen verenig in die stryd vir hulle regte
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*

- Dit dui op die toewyding/oproep aan werkers om te veg teen die apartheidsregering se onderdrukkende arbeidswette
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*

- Dit was 'n simbool van die vryheid/werkers stryd
- Dit toon die eenheid en toewyding van werkers in hulle stryd teen die apartheidsregering se arbeidswette
- Dit simboliseer die mag wat die werkers teen die apartheidsregering gehad het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1A and 1B om te bepaal hoe dit mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 1A noem dat COSATU die **grootste federasie van meer as 33 unies** in Suid-Afrika geword het en Bron 1B toon **CCAWUSA as een van die unies** wat 'n geaffilieerde van COSATU was
- Bron 1A noem dat COSATU 'n **ledetal van 500 000 werkers** gehad het en Bron 1B toon 'n **groot skare werkers** wat die byeenkoms bywoon
- Bron 1A dui aan dat Suid-Afrika die mees **geïndustrialiseerde land** (baie werkers) was en Bron 1B toon 'n groot aantal CCAWUSA-**lede wat in industrieë werk**
- Beide bronne verwys na die toegewydheid van die werkers om vir die werkers se regte te veg/stryd
- Beide bronne verwys na die betrokkenheid van die jeug/werkers teen die apartheidsregering
- Beide bronne beklemtoon die belangrikheid van eenheid en samewerking onder unies om teen apartheid te baklei
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- '… veldtog vir 'n ‘bestaansloon’ …' (1 x 1) (1)

1.4.2 *[Verduideliking van 'n term in Bron 1C – V2]*

- Klagtes/Eise/kwessies wat COSATU-lede teen die apartheid-arbeidswette en/vir beter lone, gehad het
- Eise wat gegriefdheid en verwerping toon van die apartheidsregering deur arbeidsunies wat geaffilieerdes van COSATU was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 'Die gedreun van politieke rympies (vryheidstrydliedjies) wat in die diep kwaai stemme … gesing is …'
- '… 300 betogers gesing is, het in die tonnel af en op met die trappe ná ons toe geresoneer (ge-eggo)'
- '… die klank het my amper die doodskrik op die lyf gejaag'
- ‘Toe het hulle aan die onderkant van die trappe verskyn en in ons rigting geswaai’
- ‘Dit was ‘n vreesaanjaende gesig’
- 'Hulle was gewapen met knopkieries, swepe, messe en 'n hele verskeidenheid wrede (gevaarlike) wapens.' (enige 3 x 1) (3)

1.4.4 *[Bepaal die beperkinge van Bron 1C – V3]*
**Die bron is BEPERK omdat:**

- Dit is slegs die perspektief van 'n lid van die Oosrandse Onluste-afdeling
- Dit is eensydig/bevooroordeeld /propaganda teenoor die stakers
- Dit is 'n weergawe van 'n jong onervare rekruut
- Die taal wat gebruik is, is oordrewe, bv. die gedreun van politieke rympies, handgemeen met die skare geveg, daar was bloed oral op my
- Die bron is ‘n memoir en sommige inligting kon vergeet/ verdraai/geselekteer gewees het voordat dit gepubliseer was
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5
1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- '… ná 'n skietvoorval waarby lede van die Onluste-eenheid betrokke was …' (1 x 2) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Sulke brutale geweld deur die Onluste-afdeling is nog nooit in Suid-Afrika aanskou nie
- Alles wat buite en binne in die gebou was, was vernietig
- Die polisie wou die federasie en hulle aktiwiteite stop/elimineer/COSATU vernietig
- Die optrede van die polisie was roekeloos, immoreel,krimineel, oneties en ongeregverdig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- '… liasseerkabinette gevul met dokumente en rekords soos confetti (klein stukkies papier) vanaf die balkonne van die tienverdiepinggebou neergereën (neergeval) …'
- '… kantoortoerusting is stukkend gebreek …'
- '… persoonlike rekenaars is by die vensters en oor die balkonne in die binnehof uitgegooi …'
- '… videomonitors en 'n duur sekuriteitstelsel is vernietig …'
- '… en dít wat nie vernietig is nie, is gebreek of gesteel...'
- … die plate en beheerpaneel stukkend geslaan'
- ‘… die drukker heeltemal vernietig…’
- ‘…motors in die kelder op dieselfde manier ernstig beskadig…’
- 'Veiligheidstaklede het op die agste vloer 'n brand gestig …' (enige 4 x 1) (4)

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Veiligheidstaklede wou nie hê die brandweermanne moet die brand stop nie/ vertragingstaktiek om te verseker die vuur versprei
- Die Veiligheidstak-lede wou verseker dat alles in COSATU House vernietig is
- Die polisie wou hulself nie impliseer nie/ hul spoor uitwis
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Meer as 33 unies wat geaffilieerdes van COSATU was het hulle lidmaatskap van die federasie vermeerder (Bron 1A)
- Die ANC en UDF ondersteuners verbind hulself met COSATU (Bron 1A)
- Onregverdige aarbeidswette het huishoudelike en plaaswerkers aangemoedig om by COSATU aan te sluit (Bron 1A)
- Gemeenskapsgroepe en studente ondersteun COSATU (eie kennis)
- COSATU se 'bestaansloon'-veldtog is deur die Oosrandse Onluste-afdeling onder beheer gebring (Bron 1C)
- Die Oosrandse Onluste-afdeling het die skare gekonfronteer en daarin geslaag om hulle uitmekaar te dryf (lede van COSATU) (Bron 1C)
- Sterk leierskap in werksplekke (vakbondverteen woordigers) is stilgemaak (eie kennis)
- Die polisie het 'n klopjag op COSATU House uitgevoer (Bron 1D)
- Die Veiligheidstak het COSATU House verwoes/vernietig kantoortoerusting en rekords (Bron 1D)
- Die Veiligheidstak het COSATU House aan die brand gesteek en brandweermanne verhinder om die brand te blus (Bron 1D)
- Die apartheidsregering/Veiligheidstak het sommige COSATU leiers gemartel/stilgemaak/vermoor (eie kennis)
- UWUSA (verbind aan die regering deur die IVP) en ander unies/federasies was gestig om die stigting van COSATU teen te staan (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die verskillende reaksies op die Congress of South African Trade Unions (COSATU) se pogings om in die 1980's Suid-Afrikaanse werkers te mobiliseer nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die verskillende reaksies op die Congress of South African Trade Unions (COSATU) se pogings om in die 1980's Suid-Afrikaanse werkers te mobiliseer.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van die verskillende reaksies op die Congress of South African Trade Unions (COSATU) se pogings om in die 1980's Suid-Afrikaanse werkers te mobiliseer.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE: 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE AMNESTIE-AANSOEKE VAN DIE BETROKKENES BY DIE DIE MARTELING VAN EERWAARDE TSHENUWANI FARISANI VERWERP?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- '… Swartmense se Konvensie (Black People's Convention/'BPC') …'
- '… Black Evangelical Youth Organisation/BEYO' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- '… wreedaardige marteling …'
- '… aanranding …'
- '… elektriese skokke …'
- '… langdurige isolasie' (enige 3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Die ongeregtighede wat teen Farisani gepleeg was as gevolg van sy politieke oortuigings wat verkeerd was
- Die apartheidsregering het hom opgesluit omdat hy politieke standpunte gehad het wat nie deur die staat waarin hy gelewe het, geduld is nie
- Hy is vir die vreedsame uitdrukking van sy politieke oortuigings opgesluit
- Verbind tot eengesindheid met die saak van gevangenes soos Farisani wat fisies mishandel en ingeperk is bloot vir sy standpunt teen apartheid
- Plaas druk op die apartheidsregering vir die mishandeling wat gely is en voer 'n veldtog vir die vrylating van Farisani wat teen die ongeregtighede van apartheid geveg het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Definisie van ŉ term uit Bron 2A – V1]*

- Wrede en onregverdige behandeling van mense as gevolg van hulle oortuigings
- Teistering van mense wat van mening verskil
- Onregverdige behandeling van ŉ persoon op grond van geslag/seksuele oriëntasie/ politieke sienings
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- '…mnr. JAM Silimela …'
- '… mnr. Magwaba …'
- '… Ramaligela …' (enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Farisani toon bereidwilligheid om verhoudings met sy martelaars te herstel in ’n gees van versoening indien hulle die waarheid sal onthul
- Farisani verlang die waarheid in sy soeke na afsluiting en toon geen wraak/haat teenoor die oortreders nie
- Farisani se woorde is gegrond op die primêre doelwitte wat deur die WVK ingestel is, in hulle poging om die nasie te versoen deur die waarheid te vertel/ herstellende geregtigheid
- Farisani wou die waarheid by sy martelaars (oortreders) hoor
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B - V2]*
- Ramaligela het met Farisani se godsdienstige geloof gespot om sielkundige ontsteltenis te skep en hom heeltemal af te breek
- Die gebruik van voorgee en oneerlike metodes van ondervraging deur Ramaligela was om Farisani se vertroue dat God bestaan af te breek
- Die veiligheidspolisie het geglo dat hulle al die mag gehad het en nie deur ’n individu uitgedaag kon word nie/ daad van intimidasie
- Die taktieke was brutaal en onmenslik
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B - V2]*
- Indien daar nie volle openbaring is nie, sal oortreders voortgaan om menseregteskendings te pleeg
- Oortreders van menseregteskendings moet die volle waarheid openbaar in hulle soeke na afsluiting en om verdere vervolgings te voorkom
- Die waarheid sal hulle vrymaak sodat hulle nie deur verdere vervolging gekwel sal word nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.5 *[Bepaling van die bruikbaarheid/nuttigheid van bewyse uit Bron 2B – V3I*
**Die bron is NUTTIG/BRUIKBAARHEID omdat:**
- Die getuienis bevat eerstehandse inligting van Farisani rakende hoe hy tydens sy aanhouding en ondervraging gemartel is
- Dit kom van getuienis wat Eerwaarde Farisani op 4 Oktober 1996 in Venda aan die WVK Menseregteskendingskomitee verhore gelewer het
- Die getuienis het in die WVK Finale Verslag verskyn
- Sy getuienis oor sy marteling kan met ander bronne, bv. Bron 2A en 2C bevestig word
- Dit beklemtoon die brutale taktieke van ondervraging wat die apartheidsregering teen politieke aktiviste gebruik het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3
2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- '… bevind dat al die dade met betrekking waartoe amnestie deur die aansoekers versoek word, met 'n politieke doel gepleeg is, soos deur die Wet voorgeskryf ' (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- '… T Nesamari …'
- '… P Managa …'
- '… M Ramaligela …' (3 x 1) (3)

2.3.3 *[Verduideliking van term in konteks van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Gesproke/Verbale vertellings gegee deur die polisiemanne/oortreders wat Farisani/ enige slagoffer gemartel het om vir amnestie te pleit
- Eerstehandse herinneringe/vertellings gegee deur amnestie-aansoekers rakende die menseregteskendings gepleeg teen Farisani/ enige slagoffer in hulle soeke na amnestie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Die aansoekers het nie die volle waarheid vertel soos verwag deur die Wet op die Bevordering van Nasionale Eenheid en Versoening, 1995 (Wet 34 van 1995) nie
- Die getuienisse wat deur die aansoekers gegee is, was nie genoegsaam om hulle vir amnestie te laat kwalifiseer nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4 *[Vergelyking van Bron 2B en 2C om hulle ooreenkomste te bepaal – V3]*
- Bron 2B noem dat die **sak oor Eerw Farisani getrek is** om hom te martel en Bron 2C dui op **die gebruik van 'n sak gevul met water** wat oor die kop geplaas is/Beide bronne beklemtoon die gebruik van 'n sak as 'n martelingsmetode deur die veiligheidspolisie tydens **Eerw** Farisani se aanhouding en ondervragingsproses
- Bron 2B verwys na die **opstote/staan op my kop wat Eerw Farisani moes uitgevoer het** en Bron 2C beklemtoon die veeleisende **oefeninge**
- Bron 2B verwys na die skoppe wat aan **Eerw** Firisani uitgedeel is en Bron 2C verwys na die wreede aanraandings wat **Eerw** Firisani moes verduur het/ Beide bronne beklemtoon hoe **Eerw** Farisani aangerand is
- Bron 2B verwys na die **elektriese toestelle** wat aan sy ore geheg is en Bron 2C noem die **elektriese skokke** wat aan die oorlelle toegedien is
- Beide bronne noem dat Ramaligela verantwoordelik was vir mense regte skendings wat teen **Eerw** Farisani gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5
2.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
(a)
- As Minister van Justisie was hy vir die WVK verantwoordelik
- Die Minister/regering stel die dade van geweld bloot wat deur die polisie tydens apartheid gepleeg was
- Dullah Omar, Minister van Justisie, wou die openbaring van die waarheid as die mandaat van die WVK verseker
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)
- Die gesweet deur die polisie dui daarop dat hulle angstig is oor die waarheid wat onthul word
- Hulle gesigsuitdrukkings dui op vrees om by menseregteskendings geïmpliseer (betrek) te word
- Hulle verteenwoordig die apartheidsregering
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D - V2]*
- Raam A verwys na die veiligheidspolisieman se weergawe om die waarheid weg te steek
- Raam B onthul die versteekte menseregteskendings wat deur die veiligehidspolisiemanne gepleeg is
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne - V3]*
Kandidate kandie volgende aspekte byulle antwoorde insluit:

- Eerwaarde Farisani het sy getuienis voor die WVK afgelê oor die marteling wat hy aan die hande van die veiligheidspolisiemanne verduur het (Bron 2B)
- Farisani se getuienis by die WVK het verduidelik hoe die polisie se wrede ondervraging geensins verband gehou het met enige politieke motief wat hulle vir amnestie sou laat kwalifiseer nie (Bron 2B)
- Die polisie het wrede ondervragingsmetodes gebruik om Farisani te dwing om `n valse bekentenis getuienis af te lê (Bron 2B)
- Die Komitee was nie tevrede dat die drie aansoekers al die relevante feite ten volle geopenbaar het soos deur artikel 20(1) van die Wet vereis word nie. (Bron 2C)
- Die drie aansoekers het hulle rol en betrokkenheid in die aanranding en marteling/menseregteskendings van slagoffers, wat apart gemartel is, onderspeel (Bron 2C)
- Getuienis deur slagoffers was konsekwent en het wrede martelmetodes getoon wat teen Farisani deur die polisie gebruik is wat die Komitee laat besluit het om nie die getuienis van die polisiemanne te aanvaar nie (Bron 2C)
- Bewyse in die spotprent dui op die feit dat die apartheidveiligheidspolisie nie altyd die waarheid vertel het nie en die WVK het nie amnestie aan die oortreders  gegee nie ( Bron 2D)
- Veiligheidspolisie wou aanspreeklikheid vermy deur nie die waarheid te vertel nie/nie ʼn volle openbaring te maak nie, soos gesien in hulle reaksie teenoor die WVK in die spotprent (Bron 2D)
- Die veiligheidspolisiemanne wou nie hulle hoofde by die marteling van Eerwaarde Farisani impliseer nie(eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van waarom die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die amnestie-aansoeke van die deelnemers aan die marteling van Eerwaarde Tshenuwani Farisani verwerp het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van** waar**om die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die amnestie-aansoeke van die deelnemers aan die marteling van Eerwaarde Tshenuwani Farisani verwerp het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van waarom die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die amnestie-aansoeke van die deelnemers aan die marteling van Eerwaarde Tshenuwani Farisani verwerp het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE KAN DIE UITBREIDING VAN BRICS-LANDE AS 'N BEDREIGING VIR DIE MAGSBALANS TUSSEN DIE GLOBALE NOORDE (WESTERSE LANDE) EN DIE GLOBALE SUIDE (BRICS-LANDE) BESKOU WORD?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A - V1]*

- '… 20 September 2006' (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Onttrekking Uittreksel van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- '...Rusland'
- 'Brasilië'
- 'China'
- '… Indië' (4 x 1) (4)

3.1.3 *[Definisie van 'n term in Bron 3A – V1]*

- 'n Hoëvlak-vergadering/konferensie van regeringsleiers
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*

- Versterk BRICS-lande om die Globale Noorde/magsbalans uit te daag
- Neutraliseer die dominansie deur die Globale Noorde
- Dit het meer BRICS-lede beskibaar gestel om by die Verenigde Nasies saam te werk
- Ondersteuning en ontwikkeling (polities, ekonomies en maatskaplik) vir lede van Derde-Wêreld-lande (Globale Suide)
- Die Globale Noorde direk gedreig om die Globale Suide as 'n gelyke handelsvennoot te erken
- Om BRICS meer inklusief te maak
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- '… kunsmatige intelligensie('AI')-regeringsraamwerk …'
- '… onafhanklike ekonomiese stelsel …'
- '… streeks-sekuriteitkoalisies' (enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Verduideliking van konsep in Bron 3B – L2]*

- Die afname van afhanklikheid van die VS-dollar in globale handel deur state wat BRICS-lede is
- Die toenemende gebruik van plaaslike BRICS-geldeenhede as 'n plaasvervanger van die dollar in internasionale handelstransaksies
- Die vestiging van 'n internasionale betalingstelsel wat nie op dollarbetalings staat maak nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- ‘...om 'n onafhanklike graanhandelstelsel te skep…’
- '… kan die organisasie se onderhandelingsmag ten opsigte van graanpryse verhoog ...'
- '… sanksies deur Amerika en sy **G7-vennote teenstaan' (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*
- VSA sal sy posisie as leier van die Globale Noorde verloor/ de-dollarisasie
- Globale Noorde sal hulle dominante posisie in die wêreld moet opgee
- Deure oopgemaak vir leierskap in die Globale Noorde
- Vrye handel sal die ekonomiese gaping tussen onontwikkelde/onderontwikkelde lande en ontwikkelde lande verklein
- Laat die Globale Suide 'n betekenisvolle rol speel in die deel van politieke en ekonomiese sfere in die wêreld
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
a)
- G7-BBP het 'n geleidelike daling getoon/ krimpende invloed
- Die gaping tussen die G7 en die ontwikkelende lande was besig om te verklein
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

*[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
b)
- BRICS-BBP het 'n geleidelik styging tussen 1995 en 2023 getoon/ groeiende invloed
- BRICS ekonmiese mag was besig om te verbeter
- China en Indië het meer tot die ekonomiese ontwikkeling in die BRICS-lande bygedra
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*
- Geleidelike/konstante styging in die BBP
- Posisioneer China as 'n leier in BRICS-lande
- Impliseer dat China 'n opkomende mag is
- Daag die dominansie van die VSA uit
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4
3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- '… BRICS+-lande' (1 x 1) (1)

3.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- '… 'reëlsgebaseerde' internasionale orde, … deur Amerika ingestel is … '
- '… wat hulle as voordelig vir die Weste (veral Verenigde State) bo die opkomende Globale Suide beskou' (enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

3.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V2]*

- Die BBP van BRICS+ verteenwoordig 'n opkomende ekonomiese mag en 'n bedreiging vir die ekonomiese dominansie van die Globale Noorde
- Die magtige BBP van BRICS+ (en moontlike de-dollarisasie) verteenwoordig 'n moontlike bedreiging vir die dominansie van die VS-dollar in internasionale handel
- Die aansienlike bevolking van BRICS+ is 'n bedreiging want die bevolking van die Globale Noorde is besig om oor die algemeen te verouder en is besig om in baie lande te daal
- Die groot bevolking van BRICS+ verteenwoordig 'n sterk arbeidsmag wat ekonomiese groei kan aanwakker
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.4 *[ Bepaal die bruikbaarheid van Bron 3D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- Dit is deel van 'n toespraak wat Trump tydens 'n veldtogbyeenkoms gelewer het toe hy bedreig gevoel het deur BRICS-uitbreiding – gee insig in Trump se perspektief
- Trump gee 'n toespraak as die aangewese president van die VSA en die leidende figuur in die Globale Noorde wat oor die groei van die Globale Suide bekommerd was
- Trump spreek die byeenkoms toe kort nadat ses nuwe lede by BRICS aangesluit het
- Dit beklemtoon dat Trump bekommerd was oor die de-dollarisasie deur BRICS+
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3C and 3D om te bepaal hoe dit mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 3C toon die **afnemende G7 ekonomiese mag** en Bron 3D verwys na BRICS-**lande wat die dollar los/de-dollarisasie**
- Bron 3C toon die BRICS-BBP **wat met tyd na 32,1% styg** en Bron 3D dui aan dat die BRICS-**lande 35% van die wêreld se BBP vorm**/Beide bronne toon dat BRICS-BBP 30% van die wêreld se BBP vorm
- Bron 3C toon die **VSA en China as die dominerende leiers vir die G7** en BRICS onderskeidelik en Bron 3D verwys na **'n handelsoorlog tussen China en die VSA** as dominerende magte
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die uitbreiding van BRICS-lede van BRIC tot BRICS+ is bedoel om die Globale Noorde uit te daag (Bron 3A)
- BRICS is geskep om te fokus op opkomende markte en ontwikkelende lande in die Globale Suide (Bron 3A)
- 'n Prioriteit van BRICS+ is om die stigting van 'n multipolêre wêreldorde te bevorder en om globale sekuriteit en stabiliteit oor die wêreld heen te versterk (Bron 3A)
- BRICS is beskou as 'n manier om die ekonomiese dominansie te balanseer van die G7 wat die belange van die Globale Noorde verteenwoordig (eie kennis)
- BRICS verwerp eensydige dwangmaatreëls wat deur die Weste gebruik word (Bron 3A)
- BRICS daag die internasionale orde uit deur 'n KI-regeringsraamwerk, 'n onafhanklike ekonomiese stelsel en streeks-sekuriteitskoalisies (Bron 3B)
- BRICS wil nasies toelaat om onafhanklik op te tree, sonder betrokkenheid of dwangmaatreëls deur die Weste (Bron 3B)
- BRICS mik na de-dollarisasie en om die effekte van Westerse sanksies te verminder (Bron 3B)
- BRICS skep 'n energievennotskap met energieryke nasies om meer beheer van die wêreld se energiereserwes te kry (Bron 3B)
- BRICS mik daarna om 'n onafhanklike graanhandelstelsel te skep wat hulle onderhandelingsmag in die graanmark sal verhoog (Bron 3B)
- BRICS het die New Development Bank (NDB) as 'n alternatief vir Westerse finansiële instansies, soos die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank geskep (eie kennis)
- Uitbreiding van BRICS met die insluiting van nuwe lede: Argentinië, Ethiopië, Egipte, Saoedi-Arabië, Iran en die Verenigde Arabiese Emeritate is 'n bedreiging vir die Globale Noorde (Bron 3A en 3C)
- Daar is belangstelling deur ander lande (soos Thailand) om by BRICS aan te sluit wat die bestaande globale orde verder sal versteur (eie kennis)
- De-dollarisasie word as 'n bedreiging deur Donald Trump/die VSA erken (Bron 3D)
- BRICS+-lande vorm 35% van die wêreld se BBP en 45% van die wêreld se bevolking wat 'n bedreiging vir die Weste is (Bron 3D)
- Moontlike sanksies of tariewe deur Trump (die Weste) kan China se leierskap van die BRICS+ konsolideer en lei tot meer innovasie, samewerking en integrasie van die Globale Suide (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die uitbreiding van BRICS-lande as 'n bedreiging vir die magsbalans tussen die Globale Noorde (Westerse lande) en die Globale Suide (BRICS-lande) beskou kan word nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die uitbreiding van BRICS-lande as 'n bedreiging vir die magsbalans tussen die Globale Noorde (Westerse lande) en die Globale Suide (BRICS-lande) beskou kan word.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die uitbreiding van BRICS-lande as 'n bedreiging vir die magsbalans tussen die Globale Noorde (Westerse lande) en die Globale Suide (BRICS-lande) beskou kan word.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS
Kandidate moet **saamstem** of **nie saamstem** met die stelling dat die filosofie van Biko en die Swartbewussynbeweging vanaf die 1960's tot die 1970's teenstand teen apartheid in Suid-Afrika laat herleef het. Kandidate moet hulle argumente met relevante historiese bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur óf saam te stem óf nie saam te stem nie met die die stelling dat die filosofie van Biko en die Swartbewussynbeweging vanaf die 1960's tot die 1970's teenstand teen apartheid in Suid-Afrika laat herleef het. Hulle moet ook die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumente te ondersteun kortliks beskryf.

UITBREIDING
- Politieke vakuum (Agtergrondinligting)
  - ➢ Geskep nadat African National Congress (ANC) en Pan Africanist Congress (PAC) in 1960 verban was en hul leiers in die tronk gesit was
- Swartbewussynsfilosofie
  - ➢ Vestig gevoel van selfvertroue by swart mense om die apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Beïnvloed swart mense om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
  - ➢ Bemagtig swart mense om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en dominansie deur eksterne magte te verwerp
  - ➢ Bevorder 'n gevoel van trots onder swart mense
  - ➢ Vrouens en mans moes ophou om velverligtingsprodukte te gebruik/afro-haarstyle hê
- Inspireer die stigting van politieke organisasies wat die Swart Bewussyns (SB) filosofie bevorder
  - ➢ Vestig gevoel van vasberadenheid by politieke organisasies om die apartheidstaat uit te daag
  - ➢ Swart studente het begin om hulleself te organiseer om wit oorheersing teen te staan deur van (National Union of South African Students (NUSAS) weg te breek en die South African Students Organisation (SASO) (1968) te stig
  - ➢ Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van Biko/SASO wat teenstand teen apartheid laat herleef het)
  - ➢ SASO was vir universiteitstudente en South African Students Movement (SASM) vir skole
  - ➢ Swart Bewussyn het tot die stigting van die Swartmense se Konvensie (Black People's Convention - BPC) in 1972 gelei wat studente, kerke, gemeenskappe en vakunies betrek het (wat teenstand teen apartheid laat herleef het)
  - ➢ Die South African Students Movement (SASM) is in 1972 gestig en het swart mense aan die ideale van die SB blootgestel (wat teenstand teen apartheid laat herleef het)

    - Unies wat hulle met die SB-filosofie vereenselwig het, was die Black Parents Association en die Black Allied Workers Union (BAWU) wat teenstand teen apartheid laat herleef het)
    - BCM en SASO het die VIVA FRELIMO-saamtrekke (1974) georganiseer wat teenstand teen apartheid laat herleef het
    - Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog/versterk wat teenstand teen apartheid laat herleef het
- Mobilisering van studente/skoliere – Soweto-opstand het die studente geïnspireer en bemagtig om in hulleself te glo om die apartheidstaat uit te daag
    - Bantoe Onderwys ~~Swart Onderwys~~ het Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel (1975)
    - Die South African Student Movement (is in 1972 gestig) het ~~wat~~ swart mense aan die ideale van die SB blootgestel het en teenstand teen apartheid laat herleef
    - SASO en SASM ~~SASB~~ het die stigting van die Soweto-studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students' Representative Council (SSRC)) beïnvloed
    - Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans as die taal van die onderdrukker verwerp
    - Sommige onderwysers en studente was reeds aan die idees van Biko en die SB-filosofie blootgestel deur SASO-studente-onderwysers van universiteite af
    - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande
    - Op 16 Junie 1976 het studente/leerders vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog (wat teenstand teen apartheid laat herleef het)
    - Die polisie se reaksie op die studenteoptogte (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand))
    - Studente en leerders het in ballingskap gegaan waar hulle voortgegaan het om apartheid teen te staan
- Die stigting van gemeenskapsprogramme vir selfbemagtiging
    - Biko se verbanning na King Williams' Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
    - SB het deur swart gemeenskapsprogramme onafhanklikheid van wit mense aangehelp sodat swart mense ondersteun word sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winter Skoolprojekte) (wat teenstand teen apartheid op plaaslike vlak laat herleef het)
- Mobiliseer werkers om 'n vakunie te stig om die apartheidstaat uit te daag
    - Mobiliseer werkers om vakunies te stig
    - Unies wat geassosieer het met die SB-filosofie onder meer die Black Allied Workers Union (BAWU)
    - SB het die Black Allied Workers Union (BAWU) geïnspireer om die 1973-werkerstakings in Durban te organiseer (wat werkers se teenstand teen apartheid laat herleef het)
- Bemagtig swart mense om hulle eie media te hê om die apartheidstaat uit te daag
    - Rol van die media wat simpatiek teenoor die SB-filosofie was, bv. die *World*-koerant (wat teenstand teen apartheid laat herleef het)
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

SINOPSIS
Kandidate moet 'n **kritiese bespreking** doen van die aanname dat dit die weg na demokrasie deur 'n geweldlose proses van onderhandeling gekenmerk is. Dit was nodig om te toon dat daar 'n geweldlose onderhandelingsproses was maar terselfdertyd dat daar baie geweld was wat byna die ondrhandelingsproses ondermyn het. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle opstelle insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n kritiese standpunt inneem deur aan te dui dat dit nie slegs 'n geweldlose proses was nie. Die tydperk 1990-1994 is ook gekenmerk deur baie geweld. Hulle moet ook die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumente te ondersteun kortliks beskryf.

UITBREIDING
- FW de Klerk het in 1989 by PW Botha oorgeneem en hervormings ingestel
- Opheffing van die verbod op die African National Congress (ANC), die Pan Africanist Congress (PAC) en die South African Communist Party (SACP) en ander verbanne organisasies (geweldlose onderhandelinge)
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (dit het die weg oopgemaak vir onderhandelinge vir 'n demokratiese SA) (geweldlose onderhandelinge)
- Samesprekings (31 Maart 1990) tussen die ANC en die NP uitgestel weens die doodmaak van weerlose betogers in Sebokeng (geweld)
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – beide partye (ANC en NP) het hulle verbind tot die beëindiging van geweld en om te onderhandel (kompromieë/skikkings) (geweldlose onderhandelinge)
- Geweld in die Vaaldriehoek – Sebokeng (Julie 1990) (geweld)
- Handgranaataanvalle op die Melrose House Museum (24 Mei 1990)- (geweld)
- Pretoria-minuut (Augustus 1990) – ANC staak gewapende stryd en NP hef noodtoestand op (geweldlose onderhandelinge)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms is deur 27 politieke organisasies onderteken (14 September 1991) (geweldlose onderhandelings)
- KODESA 1 (21 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe KP en PAC. NP kritiseer ANC sterk omdat hulle nie Mkhonto We Sizwe (MK) ontbind het nie en beskuldig hulle dat hulle MK as 'n 'privaatweermag' hou
- Die Verklaring van Voorneme (21 Desember 1991) – politieke partye kom ooreen om 'n nuwe konstitusie saam te stel en 'n tussentydse regering daar te stel (geweldlose onderhandelinge)
- Slegs blanke referendum – De Klerk toets wit mening nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor is, uitslag wegholoorwinning vir Ja – onderhandelinge het voortgegaan (geweldlose onderhandelinge)
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – nie suksesvol nie as gevolg van onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom – eindig op dooie punt (geweldlose onderhandelinge)/geweld in Ventersdorp

- Boipatong-slagting (17 Junie 1992) en invloed van die Derde Mag (geweld)
- Bisho-slagting (7 September 1992) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees (geweld/waarna die ANC ten gunste was van `n geweldlose onderhandelingsproses)
- ANC het beroep gedoen vir rollende massa aksie (Mei 1992) teen die Nasionale Party
- Verset deur Concerned South Africans Group (COSAG) – Oktober 1992
- Verklaring van Verstandhouding – 26 September 1992 – Meyer en Ramaphosa het hulleself tot vrede en onderhandelinge verbind, Meyer en Ramaphosa het saamgestem met Joe Slovo se oorgangsklousule (2 April 1993) (geweldlose onderhandelinge)
- Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid (RNE) stig om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou (geweldlose onderhandelinge)
- IVP onttrek van veelpartyonderhandelingsforum
- Veelpartyonderhandelinge het op 2 April 1993 by die Wêreldhandelsentrum voortgegaan maar nie lank geduur nie (geweldloseonderhandelinge)
- Sluipmoord op Chris Hani op 10 April 1993 (geweld)
- Mandela spreek die nasie op TV toe om hulle te kalmeer na die sluipmoord op Chris Hani
- Die AWB het die onderhandelinge op 25 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het (geweld)
- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994) ten spyte van reeks gewelddadige aanvalle: St James Church-slagting (25 Julie 1993), Heidelberg Taverne-slagting (30 Desember 1993), Bophuthatswana slagting (11 Maart 1994) Shell House-slagting (28 Maart 1994) (onderhandelinge/geweld)
- IVP sluit aan by verkiesings op die vooraand van verkiesingsdatum
- Verkiesing in 1994 gehou ten spyte van voortslepende geweld tydens verkiesing motorbom buite ANC-hoofkantoor en motorbom wat by Jan Smuts-lughawe ontplof het (geweld)
- Mandela word die eerste staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika met Thabo Mbeki en FW De Klerk as sy adjunkte /RNE
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat op relevante bewyse gebaseer is deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui of Gorbachev se beleide van Glasnost en Perestroika in die 1980's in 'n **groter of kleiner mate** uiteindelik tot die val van die Sowjetunie gelei het. Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul argument te ondersteun.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui tot watter mate Gorbachev se beleide van Glasnost en Perestroika in die 1980's uiteindelik tot die val van die Sowjetunie gelei het. Hulle moet ook `n uiteensetting van die inhoud wat hulle gaan gebruik om hulle argumente te ondersteun kortliks verskaf ~~beskryf~~.

**UITBREIDING**

- Agtergrond
    - Die VSA en die Sowjetunie het ná die Tweede Wêreldoorlog as supermoondhede na vore getree
    - Die twee was in 'n Koue Oorlog gewikkel vir ideologiese dominansie
    - Die ruimte- en wapenwedloop teen die VSA – die ekonomieë van SojwjetUnie lamgelê
    - Oorlog in Afghanistan het ook die ekonomie van die Sowjetunie verswak
    - Gorbachev het in 1985 as leier van die Sowjetunie oorgeneem
    - Hy het 'n ondoeltreffende en korrupte burokratiese stelsel geërf en 'n ekonomies verswakte Sowjetunie
    - Landbou-swak produksie
    - Chernobyl ramp
- Hy het gehoop om die ekonomie van die sowjetunie te laat herleef deur beide industriële produksie en tegnologie te verbeter, asook deur die markte uit te brei
- Hy het 'n risiko geneem om politieke en ekonomiese veranderinge aan te kondig
- Perestroika
    - Hy het in 1985 die beleid van Perestroika bekend gestel (ekonomiese herkonstruksie)
    - Dit het kleinskaalse privaat eienaarskap toegelaat
    - Verwyder regeringsbeheer oor produksie
    - Aanvaar aspekte van 'n kapitalistiese stelsel in kommunisme
    - Sluit nie-winsgewende besighede en nywerhede

- Glasnost
    - Beleid van oopheid en deursigtigheid
    - Mediavryheid vergroot (vermindering van sensorskap) en moedig deelname aan en kritiek van die regering aan
    - Laat nie-kommunistiese partye deel wees van die regeringstelsel – het kommunistiese beheer stadig gedestabiliseer
    - Sluit skuiwe om verhouding met die VSA te normaliseer in wat onversetlikes ontstel het

  - Vrylating van politieke gevangenes
  - Gevolge van beide beleide
  - Perestroika is swak geïmplement/bestuur en was verwarrend vir ondernemings wat nog nooit in 'n kapitalistiese omgewing bedryf is nie
  - Glasnost het tot kritiek teen die regering gelei – onder meer kritiek van Perestroika en van Gorbachev self
  - Dit is die onvermoë om ‘n markgedrewe ekonomie (vraag en aanbod) te hanteer, wat die hoofprobleem was
  - Gebrek aan entreppreneurise gees en die vermoëom inisiatief te gebruik, is onder kommunisme gesmoor
  - Verlies van werke en toenemende inflasie as gevolg van perestroika=politieke ontevredenheid
  - Glasnosts hervorming en vrylating van politieke gevangenes versterk nasionalistiese groepe, veral satellietstate van Oos-Europa
- Baie onversetlike kommuniste was ontevrede met beleide wat ongewild geword het
- Tuis het hy twee tipes opponente gehad: onversetlikes wat teen die hervormings gekant was en liberale wat hom gekritiseer het dat hy nie vinnig genoeg beweeg nie
- Hy het heldestatus in die Weste gehad, sy persoonlike mag en prestige het toegeneeem en hy het die Nobelprys vir Vrede in 1990 gekry
- Die twee beleide het mekaar nie so goed ondersteun as wat gedink is nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Perestroika en Glasnost het tot eise vir die beëindiging van kommunisme en volle demokrasie gelei
- Hy het tuis steun verloor – eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en sosialisme is bedreig
- Val van die Berlynse Muur (1989), beteken die einde van die Koue Oorlog
- Die Sowjetunie het invloed in Oos-Europa verloor
- Baie onderliggende verskille het altyd onder die 15 republieke bestaan
- Burgerlike verset het tussen verskillende groepe uitgebreek
- Ou vorms van nasionalisme het na vore gekom en tot nuwe eis vir onafhanklikheid gelei
- Hy het probeer om die disintegrasie te keer deur die stigting van 'n Federasie van State voor te stel – wat misluk het
- In 1990 het verskeie Sowjetstate, onder meer Rusland, onder Gorbachev se bitter teenstander, Boris Yeltsin, hulle onafhanklikheid verklaar
- Op 25 Desember 1991 is die Sowjetunie en die Kommunisteparty ontbind
- Elkeen van die 15 republieke het onafhanklikheid verkry en lede van die Commonwealth of Independent States geword
- Die disintegrasie het die einde van die Koue Oorlog en die val van kommnisme gesimboliseer
- Die VSA het die enigste supermoondheid gebly
- Enige ander relevante antwoord

Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: 150**